# Nelson Mandela Baai Onderwys

# Graad 4: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

# Junie 2025

Punte: 40

Tyd: 15 minute lees

1 ½ uur skryf

Naam en Van: ________________________________________

Skool Naam: ________________________________________

Hierdie vraestel bestaan uit 8 blaaie.

**INSTRUKSIES EN INFORMASIE:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit die volgende:
   - VRAAG 1: LEESBEGRIP
   - VRAAG 2: VISUELE TEKS
   - VRAAG 3: OPSOMMING
   - VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES
2. Lees al die vrae noukeurig deur voor jy begin skryf.
3. Beantwoord alle vrae op die vraestel.
4. Beantwoord die vrae in volsinne, tensy anders versoek word.
5. Antwoord volgens puntetoekenning per vraag.
6. Skryf netjies, duidelik en leesbaar.

| Vraag | Maksimum Punte | Punt Behaal |
|---|---|---|
| 1. Leesbegrip | 15 | |
| 2. Visuele Teks | 10 | |
| 3. Opsomming | 5 | |
| 4. Taalstrukture en Konvensies | 10 | |
| | Totale Punte: 40 | |

**AFDELING A:**
**LEESBEGRIP:**

Lees die onderstaande storie noukeurig deur en antwoord die vrae wat volg

RENOSTERS IN AFRIKA

Renosters het in die volgende lande in Afrika voorgekom: Kenia, Namibië, Tanzanië, Zimbabwe en Suid-Afrika. Hulle sterk horings en dik vel het hulle teen roofdiere beskerm.

Daar is twee soorte renosters – swartrenosters en witrenosters. Die swartrenoster het 'n gepunte bo-lip waarmee hy takkies en blare vreet. Die witrenoster het vierkantig lippe waarmee hy gras vreet.

Swartrenosters is kleiner as witrenosters. Hulle loop alleen in digte bosse, is baie kwaai en storm as hulle bedreig voel. Witrenosters is, naas die olifant, die grootste landdier op aarde en wei in klein groepies op vlaktes.

Honderd jaar gelede het jagters hulle begin jag. Daarom het min van hulle in die natuur oorgebly.

- 'n Witrenoster kan tot 3000 kg weeg.
- 'n Swartrenoster kan tot 1500 kg weeg.
- Renosters kan tot 45 jaar oud word.
- Renoster kalfies kan by geboorte tot 55 kilogram weeg.

**Vraag 1:**
**Lees die teks en beantwoord die vrae wat volg.**

**Onderstreep die korrekte antwoord.**

1.1. Watter tipe teks is dit hierdie.

A. Inligting teks
B. Kortverhaal
C. Instruksie teks
D. Gedig (1)

1.2. Renosters kom hoofsaaklik op die vasteland van…….voor.

A. Suid-Amerika
B. Antarktika
C. Afrika
D. Europa (1)

1.3 Waaroor gaan die teks?

A. Afrika
B. Renosters
C. Kenia
D. Plante (1)

1.4 Swartrenosters is…

A. Vriendelik
B. Naar
C. Kwaai
D. Eerlik (1)

1.5. Wat beskerm renosters teen roofdiere?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

1.6. Noem een land waar renosters voorkom.

______________________________________________________________________________ (1)

1.7. Hoeveel soorte renosters is daar?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

1.8. Voltooi die volgende sin. Swartrenosters eet...

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

1.9. Die volgende stelling is onwaar. Gee `̛n rede waarom dit onwaar is.

1.9.1 Die swartrenoster het vierkantige lippe.

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

1.10. Gee ‘n woord uit die teks wat aandui dat swartrenosters nie in groepe voorkom nie.

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

1.11. Waarom sien ons min renosters in die natuur?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

1.12. Witrenosters kom in digte bosse voor. Waarom is hierdie stelling waar?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

1.13. Hoekom word renosters gejag?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

1.14. Watter een van die twee soorte renosters word maklik deur mense gesien? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

1.15. Watter een van die twee renosters sal jou gunsteling wees? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

**TOTAAL: 15**

**VISUELE TEKS:**
**Vraag 2:**
**Bestudeer die teks en antwoord die vrae wat volg**

## Kom ervaar die Groot Vyf by Wilde Wêreld Wildreservaat!

Wil jy 'n leeu van naby sien brul? Of 'n olifant rustig sien stap? Dalk 'n luiperd se kolle bewonder? By Wilde Wêreld Wildreservaat kan jy al hierdie ongelooflike diere in hul natuurlike omgewing sien!

- Geleë in Limpopo, 10km buite Hoedspruit
- Wild ritte vroegoggend en laatmiddag
- Veilige verblyf in luukse tente
- Besprekings noodsaaklik!
- Bel ons by 012 543 9876



Besoek gerus ons webwerf: **www.wildewereldwildreservaat.co.za**

2.1 Wat is die naam van die wildreservaat?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

2.2 Wat is die nommer wat jy moet bel?

______________________________________________________________________ (1)

2.3 Noem nog 'n manier hoe jy die wildreservaat kan kontak.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

2.4 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

*Die wildreservaat is geleë in Limpopo, 100km buite Hoedspruit.*

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

2.5 Watter gedeelte in die teks sê vir jou dat dit nie gevaarlik is om in die wildreservaat te bly nie?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

2.6 Behalwe in die wildreservaat, waar anders kan ons die groot vyf sien?

___________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________ (1)

2.7 Waarom dink jy word die wild ritte vroegoggend en laatmiddag aangebied?

___________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________ (1)

2.8 Dink jy hierdie advertensie sal mense lok na die wildreservaat? Waarom sê jy so?

___________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________ (1)

2.9 Was jy al ooit by 'n wildreservaat?

___________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________ (1)

2.10 As jy die wildreservaat kon besoek, watter ander diere sal jy graag wil sien en waarom?

___________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________ (1)

**TOTAAL:10**

**AFDELING B:**
**Opsomming**
**Vraag 3: Lees die onderstaande teks en voltooi die opsomming wat volg**

**Afrika – Ons Pragtige Kontinent**
Afrika is die tweede grootste vasteland in die wêreld. Dit het 54 lande, insluitend Suid-Afrika, Egipte, Nigerië en Kenia. Die kontinent is bekend vir sy wild, soos leeus, olifante en renosters.
Afrika het baie verskillende landskappe – groot woestyne soos die Sahara, reënwoude, riviere soos die Nyl, en hoë berge soos Kilimanjaro. Daar is ook verskillende kulture en tale. Mense in Afrika praat meer as 2 000 tale!
Baie mense in Afrika werk as boere, jagters, vissermanne of handelaars. Afrika is ryk aan goud, diamante en ander natuurlike hulpbronne.
Dit is ‘n pragtige en spesiale plek vol verskeidenheid en lewe!

*ChatGPT. (2025, 1 April).*

**<u>Opsomming:</u>**

3.1 ____________________ is die tweede grootste vasteland in die wêreld.

3.2 Die kontinent is bekend vir

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________.

3.3 Daar is baie verskillende landskappe in Afrika soos

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________.

3.4 Daar word meer as _____________________________ tale in Afrika gepraat.

3.5 Afrika het baie minerale soos

______________________________________________________________________.

Een punt per antwoord. Geen halwe punte nie.

**Totaal: 5**

**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Vraag 4:**

Lees die leesstuk deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

1. Dit is moeilik vir wilde diere om in Afrika te oorleef as gevolg van mense
2. wat nog meer huise en winkelsentrums wil bou. Renosters is op die rand van
3. uitwissing omdat hulle vir hul horings vermoor word. Gelukkig speel
4. wildreservate en natuurbewaring 'n groot rol om hierdie diere te beskerm. Ons
5. as inwoners van Afrika kan ook help deur minder te besoedel en bewus te wees
6. van die invloed wat ons op die natuur het. Ons moet trots wees op die pragtige
7. diere wat op ons kontinent voorkom en ons moet hulle beskerm dat hulle vir
8. baie jare nog op die mooi Afrika-vlaktes kan rondloop.

*-Uittreksel uit Wilde diere in Afrika deur Juffrou Anri se klaskamer*

Beantwoord die volgende vrae:

4.1 Verdeel die onderstreepte word in reël 5 in LETTERGREPE.

______________________________________________ (1)

4.2 Gee die VERKLEINWOORD van die onderstreepte word in reël 2.

______________________________________________ (1)

4.3 Identifiseer 'n EIENAAM uit die teks.

______________________________________________ (1)

4.4 Gee 'n ANTONIEM vir die onderstreepte word in reël 6.

______________________________________________ (1)

4.5 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD:

Johan toer deur Afrika.

______________________________________________ (1)

4.6 Vul dan die leestekens op die regte plekke in dat die sin in DIREKTE REDE geskryf is.

| |
|---|
| Die man vra Waar kruip al die diere weg |

(1)

4.7 Rangskik die volgende woorde in ALFABETIESE VOLGORDE.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| olifant | luiperd | renoster | leeu | buffel |

______________________________________________

______________________________________________ (1)

4.8 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD in hakkies:

Die leeu is die (sterk) dier.

______________________________________________________________________ (1)

4.9 Onderstreep die korrekte VOORSETSEL.

Die renosters word gestroop (by / vir / op) hulle horings. (1)

4.10 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM:

Ek is bang vir leeus.

______________________________________________________________________ (1)

**TOTAAL 10**